

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

FEBRUARIE/MAART 2016

PUNTE: 120

TYD: 3 uur

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.
2. AFDELING A en B is verpligtend.
3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).
4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.
5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.
8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.

NASIENROOSTER

AFDELING	VRAAG	PUNTE	NASIENER	MODERATOR
A: MUSIEKTHEORIE (VERPLIGTEND)	1	20		
	2	15		
	3	10		
	4	15		
SUBTOTAAL		60		

EN

B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)	5	20		
SUBTOTAAL		20		

EN

C: WKM	6	10		
	7	5		
	8	5		
	9	5		
	10	15		
SUBTOTAAL		40		

OF

D: JAZZ	11	10		
	12	5		
	13	5		
	14	5		
	15	15		
SUBTOTAAL		40		

OF

E: IAM	16	10		
	17	5		
	18	5		
	19	5		
	20	15		
SUBTOTAAL		40		

GROOTTOTAAL		120		
--------------------	--	------------	--	--

AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)**(90 minute)**

**Beantwoord VRAAG 1
EN VRAAG 2.1 OF 2.2
EN VRAAG 3.1 OF 3.2
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

Beantwoord die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel voorsien word.

VRAAG 1**(25 minute)**

Bestudeer die partituur hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SLUMBER SONG

R. Schumann

The musical score for 'Slumber Song' is presented in two systems. The first system contains measures 1 through 4, and the second system contains measures 5 through 8. The vocal line is written in a soprano clef, and the piano accompaniment is in a grand staff. The key signature has one flat (B-flat), and the time signature is 6/8. The score includes several annotations for questions: 1.2.1 is a box around the first vocal note; 1.5 is a bracket over the first two vocal notes; 1.7 is a bracket over the first two piano accompaniment measures; 1.2.2 is a box around the first two piano accompaniment notes; 1.3.1 is a box around the first two piano accompaniment notes in the second system; 1.6 is a bracket over the first two piano accompaniment measures in the second system; 1.3.2 is a box around the first two piano accompaniment notes in the second system; and 1.8 is a bracket over the first two piano accompaniment measures in the second system.

1.1 Benoem die toonsoort van hierdie uittreksel.

(1)

1.2 Benoem die intervalle by **1.2.1** en **1.2.2** volgens tipe en afstand.

1.2.1 _____

1.2.2 _____ (2)


1.3 Benoem die tipe drieklank by **1.3.1** en **1.3.2**, byvoorbeeld mineur drieklank. (Oorweeg slegs die note in die blokkie op die partituur.)

1.3.1 _____

1.3.2 _____ (2)

1.4 Omkring 'n akkoord wat 'n dominant sewende akkoord in grondposisie op hierdie partituur vorm. (1)

1.5 Transponeer maat 3 van die soloparty 'n mineur derde laer vir die E-mol altsaksofoon. Voeg 'n nuwe toonsoortteken by.




(3)

1.6 Transkribeer maat 5 van die klavierparty (regterhand) vir altviool op dieselfde toonhoogte. Gebruik die korrekte sleutel.



(3)

1.7 Herskryf maat 1 van die klavierparty (regterhand), maar halveer die nootwaardes. Voeg 'n nuwe tydmaatteken by.



(3)

1.8 Voltooi die volgende om 'n pentatoniese toonleer te vorm:



(2)

1.9 Skryf 'n opgaande sekwens van die gegewe melodiese fragment.



(1)

- 1.10 Vergelyk die musiekvoorbeeld hieronder met die klavierparty in maat 5. Watter komposisietegniek word in die voorbeeld hieronder gebruik?



(1)

- 1.11 Voeg 'n voordrugaanduiding(s) by die uittreksel hieronder om die voordraer die opdrag te gee om legato te speel.



(1)
[20]

VRAAG 2**(25 minute)****Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

- 2.1 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: _____




Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	3	
Korrektheid Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring, uitleg	2	
Kwaliteit - Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir gekose instrument - Toepaslike dinamiek- en artikulasie-aanduidings - Musikaliteit	10	
TOTAAL	15	

[15]**OF**

- 2.2 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: _____



Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	3	
Korrektheid Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring, uitleg	2	
Kwaliteit - Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir gekose instrument - Toepaslike dinamiek- en artikulasie-aanduidings - Musikaliteit	10	
TOTAAL	15	

[15]

VRAAG 3

(10 minute)

Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.

3.1 Bestudeer die partituur hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

See the cong'ring hero comes

from *Judas Maccabaeus*

Voorbeeld:

(a)

GF Handel

Musical score for measures 1-6. The piece is in F major (one flat) and common time (C). Measure 1 is marked with a fermata and the letter 'F'. Measure 6 is marked with a fermata. Below the staff, the chord progression is indicated as F: I.

(b)

Musical score for measures 7-12. Measure 7 is marked with a fermata. Measure 10 is marked with a fermata and the word 'Fine'. Measure 11 is marked with a fermata and the letter '(i)'. Measure 12 is marked with a fermata and the letter '(f)'. A double bar line is placed at the end of measure 12.

(c)

(d) (e)

(ii)

Musical score for measures 13-18. Measure 13 is marked with a fermata and the letter '(c)'. Measure 14 is marked with a fermata and the letter '(d)'. Measure 15 is marked with a fermata and the letter '(e)'. Measure 16 is marked with a fermata and the letter '(ii)'. The dynamic marking 'mf' is present at the beginning of measure 13. The piece ends with a double bar line.

Da capo al fine

- 3.1.1 Hierdie werk moduleer in maat 11–13³. Noem die nuwe toonsoort.
_____ (1)
- 3.1.2 'n Tweede modulاسie kom in maat 14–16 voor. Hoe is die nuwe toonsoort in hierdie mate aan F majeure verwant?
_____ (1)
- 3.1.3 Identifiseer die akkoorde van **(a)–(e)** en besyfer hulle op die partituur. Gebruik besyferingsimbole onderaan die partituur OF akkoordsimbole boaan die partituur. (Let op die voorbeeld in maat 1.) (5)
- 3.1.4 Benoem die kadens by **(f)**.
_____ (1)
- 3.1.5 Benoem die tipe nie-akkoordnote by **(i)** en **(ii)**.
(i) _____
(ii) _____ (2)
- [10]**

OF

3.2 Bestudeer die partituur hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Autumn Leaves

Joseph Kosma

Voorbeeld: Am^9

(a) (b)

(f)

7 (c)

13 (g)

(d) (e)

19

- 3.2.1 Hierdie werk moduleer in maat 12^2-16^2 . Benoem die nuwe toonsoort.
_____ (1)
- 3.2.2 Identifiseer die akkoorde van **(a)–(e)** en skryf akkoordsimbole boaan die partituur. (Let op die voorbeeld in maat 1.) (5)
- 3.2.3 Skryf die akkoordprogressie neer en benoem die kadens by **(f)**.
_____ (2)
- 3.2.4 Benoem die tipe nie-akkoordnoot by **(g)**.
_____ (1)
- 3.2.5 Noem die stilistiese kenmerk wat in die bassleutel van maat 9–24 gebruik word.
_____ (1)
- [10]**

VRAAG 4**(30 minute)****Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

- 4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Gebruik ten minste TWEE nie-akkoordnote.

Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Akkoordprogressie Akkoordkeuse; korrekte gebruik van kadens	12	
Korrektheid Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	12	
Kwaliteit Baslyn, musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, innovering, kreatiwiteit	16	
	40 (÷ 8 x 3)	
TOTAAL	15	

[15]**OF**

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur 'n geskikte baslyn en harmoniese materiaal in die onvoltooide mate in te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 voorgestel word, en voeg die akoordsimbole boaan die melodielyn by.

Melodie

Akkoorde

Baslyn

3

6

Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE- TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Akkoordprogressie Akkoordkeuse; korrekte gebruik van kadens	11	
Korrektheid Notasie, spasiëring, stemvoering	11	
Kwaliteit Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, innovering, kreatiwiteit	18	
	40 (÷ 8 x 3)	
TOTAAL	15	

[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS**(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B
EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)
OF AFDELING D (Jazz)
OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).**

Beantwoord hierdie vrae in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)**VRAAG 5**

5.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 5.1.11 E.

5.1.1 'n Chromatiese noot is ...

- A 'n noot wat aan die huidige toonsoort behoort.
- B die tegniese naam vir die sewende trap van 'n toonleer.
- C 'n noot wat nie aan die huidige toonsoort behoort nie.
- D 'n noot wat aan die diatoniese toonsoort behoort.

5.1.2 A capella verwys na ...

- A 'n stem wat deur 'n orrel begelei word.
- B koormusiek sonder instrumentale begeleiding.
- C ensemble-sang met begeleiding.
- D 'n instrumentale ensemble wat in 'n kapel speel.

5.1.3 'n Aërofoon se klank word deur ... voortgebring.

- A 'n vibrerende lugkolom
- B 'n vibrerende snaar
- C 'n vibrerende tromvel
- D die instrument se eie materiaal

5.1.4 Sinkopasie is ...

- A 'n melodienoot op die eerste pols van die maat.
- B 'n ritmiese harmoniese middel.
- C 'n beklemtoonde noot op 'n swak pols.
- D Al die bogenoemde

5.1.5 Wat is transkripsie?

- A Die byvoeging van dinamiekttekens by 'n partituur
- B Musiek wat in 'n ander sleutel met verandering van toonhoogte geskryf is
- C Musiek wat op dieselfde toonhoogte vir 'n ander instrument geskryf is
- D Transponering van die hooftema van 'n komposisie

- 5.1.6 'n Motief is ...
- A 'n kort melodiese of ritmiese fragment.
 - B 'n liriese vokale passasie in musiek.
 - C die toonsetting van verskeie note vir een lettergreep.
 - D 'n herhaalde noot met verandering van harmonie.
- 5.1.7 Om 'n nuwe komposisie te registreer moet jy ...
- A die werk by 'n invorderingsagentskap registreer.
 - B die werk aan jouself pos om die skeppingsdatum te bevestig.
 - C 'n kommissaris van ede kry om jou werk te sertifiseer.
 - D Al die bogenoemde
- 5.1.8 Watter EEN van die volgende is NIE 'n voorbeeld van musiekrowery NIE?
- A Fotokopiëring van bladmusiek vir 'n orkesvoordrag
 - B Onwettige opnames van radio, TV of lewendige konserte
 - C Verkoop van nagemaakte opnames as oorspronklike opnames
 - D Transkribering van 'n solo met die toestemming van die voordraer
- 5.1.9 Pizzicato is ...
- A 'n instruksie aan strykers om die snare te pluk.
 - B die teenoorgestelde van arco.
 - C 'n Italiaanse musiekterm wat in 'n strykkwartet gebruik word.
 - D Al die bogenoemde
- 5.1.10 Die term scherzando beteken ...
- A 'n stadige tempo.
 - B 'n skerts of 'n grap.
 - C 'n neutrale stemming
 - D om staccato te speel. (10 x 1) (10)
- 5.2 Beskryf enige TWEE van die terme hieronder. Skryf die antwoorde langs jou keuses (5.2.1–5.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 5.2.1 Rubato
 - 5.2.2 Libretto
 - 5.2.3 Scatting
 - 5.2.4 Plaasvervangende akkoord
 - 5.2.5 Meloritme
 - 5.2.6 Ukuvamba (2 x 2) (4)
- 5.3 'n Onafhanklike komponis het sekere regte met betrekking tot sy/haar komposisies. Noem SES van hierdie regte. (6)

TOTAAL AFDELING B: 20

**Beantwoord AFDELING C (WKM)
OF AFDELING D (JAZZ)
OF AFDELING E (IAM).**

AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WAM)

VRAAG 6

- 6.1 Voltooi die tabel hieronder wat die skematiese uiteensetting van die drie bewegings van Beethoven se *Simfonie Nr. 6 in F Op. 68* voorstel deur die ontbrekende woorde neer te skryf.

Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 6.1.7 Cadenza.

BEWEGINGS	TITEL	VORM	TEMPO-AANDUIDING
Eerste beweging	Ontwaking van opgewekte gevoelens by aankoms op platteland	6.1.1	6.1.2
Vierde beweging	6.1.3	Vrye vorm	6.1.4
Vyfde beweging	6.1.5	6.1.6	Allegretto

(6)

- 6.2 Noem die houtblaasinstrument wat Beethoven in die vierde beweging van sy *Simfonie Nr. 6* bygevoeg het.

(1)

- 6.3 Beethoven se *Simfonie Nr. 6* het vyf bewegings. Wanneer jy na die werk luister, mag dit klink asof daar slegs drie bewegings is. Gee kortliks die rede hiervoor.

(1)

- 6.4 Bestudeer die temas hieronder uit *Simfonie Nr. 6* en identifiseer die beweging waarin elkeen voorkom.



(2)
[10]

VRAAG 7

7.1 In watter voorgeskrewe werk kom die volgende tema voor?



(1)

7.2 Wat is die vormstruktuur van hierdie werk?

(1)

7.3 Verduidelik wat die komponis geïnspireer het om hierdie werk te komponeer.

(3)

[5]**VRAAG 8**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die verskille EN ooreenkomste tussen 'n *ouverture* en 'n *konserterouverture* verduidelik.

[5]**VRAAG 9**

Skryf 'n paragraaf oor die rol wat die Mannheim-skool in die ontwikkeling van die simfonie-orkes gespeel het.

[5]**VRAAG 10**

'Mozart se opera *Die Towerfluit* kan as beide komies en ernstig beskou word.'

Skryf 'n opstel waarin jy die stelling hierbo bespreek deur na Mozart se gebruik van karakters, stemtipes en musiekelemente in die volgende TWEE arias te verwys:

- *Der Vogelfänger bin ich ja (Ja, ek is die voëlvanger)*
- *Die Hölle Rache kocht in meinem Herzen (Die hel se wraak kook in my hart)*

DRIE punte sal vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel toegeken word.

[15]**TOTAAL AFDELING C: 40****OF**

AFDELING D: JAZZ**VRAAG 11**

- 11.1 Kies 'n instrument uit KOLOM B wat by enige VIER kunstenaars in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter van jou keuse (A–F) langs die vraagnommer (11.1.1–11.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 11.1.6 G.

KOLOM A		KOLOM B	
11.1.1	Todd Matshikiza	A	klavier
11.1.2	Elias Lerole	B	saksofoon
11.1.3	Winston Ngozi	C	kitaar
11.1.4	Philip Tabane	D	stem
11.1.5	David Msondo	E	penniefluitjie
		F	tromstel

(4 x 1) (4)

- 11.2 Noem die leier van TWEE van die Suid-Afrikaanse jazz-'bands' (-orkeste) of -groepe. Skryf die antwoorde langs jou keuses (11.2.1–11.2.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 11.2.1 The Blue Notes
11.2.2 Manhattan Brothers
11.2.3 Sakhile

(2)

- 11.3 Gee VIER redes waarom die penniefluitjie gedurende die 1930's so 'n gewilde instrument was.

(4)
[10]**VRAAG 12**

Skryf 'n paragraaf oor Cape jazz deur na die volgende kenmerke te verwys:

- Melodie
- Ritme
- Instrumentasie

(2)
(1)
(2)
[5]**VRAAG 13**

Skryf 'n paragraaf oor die musiekstyl wat EEN van die volgende 'bands' (orkeste) verteenwoordig. Noem die styl in jou antwoord en brei uit oor die musiekeienskappe van hierdie styl.

- Makgonatsohle Band
- Soul Brothers
- The Cool Crooners

[5]

VRAAG 14

Marabi het gedurende die 1920's en 1930's in die townships om die groot Suid-Afrikaanse stede ontwikkel. Skryf aantekeninge oor die sosiale en musikale oorsprong van hierdie styl.

[5]**VRAAG 15**

Kies EEN van die volgende kunstenaars/groepe:

- Zim Nqawana
- Sakhile
- Spirits Rejoice

Skryf 'n opstel waarin jy die geskiedenis van die kunstenaar/groep asook die musiekstyleienskappe van jou gekose kunstenaar/groep in breë trekke verduidelik. Noem ten minste TWEE treffers/albums.

DRIE punte sal vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel toegeken word.

[15]**TOTAAL AFDELING D: 40****OF**

AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**VRAAG 16**

- 16.1 Kies die kultuurgroepe uit KOLOM B wat by enige VIER danse in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter van jou keuse (A–I) langs die vraagnommer (16.1.1–16.1.9) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 16.1.10 J.

KOLOM A		KOLOM B	
16.1.1	Domba	A	baPedi
16.1.2	Xincayincayi	B	amaSwati
16.1.3	Umtiyimbo	C	amaZulu
16.1.4	Mokorotlo	D	amaXhonga
16.1.5	Sekgapa	E	amaXhosa
16.1.6	Borankana	F	amaNdebele
16.1.7	Itshikiza	G	baTswana
16.1.8	Umtsimba	H	baSotho
16.1.9	Inkwahla	I	vhaVenda

(4 x 1) (4)

- 16.2 Noem TWEE funksies van krepitasie gedurende 'n musiekvoordrag. (2)

- 16.3 Noem VIER maniere waarop musikale ontwikkeling van kinders in hulle tradisionele Suid-Afrikaanse gemeenskappe plaasvind. (4)
[10]

VRAAG 17

Skryf 'n paragraaf oor die musiekstyl wat EEN van die volgende 'bands' (orkeste) verteenwoordig. Noem die styl in jou antwoord en brei uit oor die musiekeienskappe van hierdie styl.

- Makgonatsohle Band
- Soul Brothers
- The Cool Crooners

[5]

VRAAG 18

Skryf 'n paragraaf waarin jy *maskandi* kortliks beskryf. Verwys na die kitaarspeltegniek, stemming (van die kitaar) en musiekeienskappe. [5]

VRAAG 19

- 19.1 Beskryf *malombo* kortliks. (4)
- 19.2 Noem EEN verteenwoordigende malombo-kunstenaar/-'band' (orkes). (1)
- [5]**

VRAAG 20

'Inheemse Afrikamusiek is 'n kulturele uitdrukking van die ubuntu-gees.'

Skryf 'n opstel waarin jy die stelling hierbo bespreek. Gee voorbeelde oor hoe ubuntu in musiek en dans uitgebeeld word.

DRIE punte sal vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel toegeken word.

[15]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 120

